

WINSLEY PRIMÊRE SKOOL

GEDRAGSKODE



AGTERGROND:

Winsley Primêre Skool (hierna genoem “die skool”) is ’n openbare skool soos bedoel in Artikel 12, gelees met Artikel 52, van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)(hierna genoem “die Skolewet”).

Artikel 8(4) van die SA-Skolewet bepaal dat alle leerders wat ’n skool bywoon verplig is tot gehoorsaamheid aan daardie skool se Gedragskode. Ingevolge Artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, berus die gesag om dissipline in die skool te handhaaf by die Beheerliggaam. Die toepassing van die Gedragskode is die verantwoordelikheid van die skool se dissiplinêre komitee en Beheerliggaam.

Elke opvoeder is verantwoordelik vir dissipline ter alle tye tydens skool en by alle skool-aangeleenthede. Opvoeders het die reg om afwykende gedrag aan te spreek wanneer dit nodig is. Ernstige oortredings moet aan skoolhoof verwys word.

Alhoewel die staat ’n verpligting het om onderwys beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word deur die toewysing van aanvaarding van verantwoordelikhede deur die ander vennote in onderwys, onder meer leerders, opvoeders en ouers.

Die rasionaal agter hierdie gedragskode vir leerders is daarop gebaseer dat ons skool ’n plek van waardes is, wat gedemonstreer word deur wedersydse respek, ondersteuning en agting vir elke individu.

1. AANVAARDING VAN GEDRAGSKODE:

Die beheerliggaam aanvaar hiermee hierdie Gedragskode vir leerders van die skool onderworpe aan die bepalings uiteengesit in dele 1, 2 en 3 hiervan.

2. HERSIENING VAN GEDRAGSKODE:

Hierdie Gedragskode moet jaarliks deur die beheerliggaam hersien word, of wanneer nodig.

3. GEDRAGSKODE

Hierdie beleid is van toepassing op elke leerder van Winsley Primêre, sy ouers en die personeel onder wie se beheer hulle is.

DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE:

- Bevordering van leer en onderrig in die skool.
- Die skep van orde en dissipline in die skool.
- Dat daar geen afwykende gedrag sal wees nie.
- Dat leerders selfbeheer sal beoefen.
- Om ’n kultuur van rekonsilliasie met die doel van mede respek te bereik.
- Dat almal saamwerk met ’n gesindheid van vrede en verdraagsaamheid.

- Om te sorg dat die dissiplinere proses moet spoedig, regverdig, korrekatief, konstant en opvoedkundig van aard wees.

PRIMÊRE VERANTWOORDELIKHEDE:

- Primêre verantwoordelikheid van leerders is om te leer.
- Geen leerder het die reg om ander leerders te dissiplineer.
- Ouers het die verantwoordelikheid om hul kinders in die leerproses toe te rus en te ondersteun.
- Leerders moet die geleenthede gebruik wat daar vir hulle geskep word.
- Opvoeders se verantwoordelikheid is om te onderrig.
- Opvoeders moet dissipline in klas toe pas sodat effektiewe leer kan plaasvind sonder enige afwykende gedrag wat klas kan ontwrig.

OPVOEDER/OUER LEERVERHOUDING:

- Dit sal primêr gebaseer wees op wedersydse respek.
- Opvoeders is aangestel in 'n gesagsposisie wat professionaliteit en kundigheid op hul vakgebied insluit. Dit moet gerespekteer en eerbiedig word.
- Opvoeders het die verantwoordelikheid en reg om enige vorm van afwykende negatiewe gedrag in en buite die klaskamer positief aan te spreek.

SKOOLVEILIGHEID:

- Hierdie aspek word deur die veiligheidsbeleid van die skool aangespreek.
- Alle skole word volgens die "SA Skolewet" geklassifiseer as "wapen- en verdowingsvrye gebiede. Geen wapens of enige verbode middel sal op die skoolterrein toegelaat word nie of individue/leerlinge onder die invloed van enige middel.
- Geen afknouery ("bullying"), viktimisasie of intimidasie mag op die skoolgronde plaasvind nie.
- Geen vorm van rassisme van enige aard word by die skool toegelaat nie – dit sluit diskriminasie teen die individu of groep in enige vorm in.
- Beskadiging van skool eiendom in enige vorm is streng verbode – ouers van oortreders sal verantwoordelik gehou word vir enige skade aan skool eiendom.
- Handboeke moet met respek behandel word. Verlore of beskadigde handboeke moet deur die leerder(ouer) vervang word (R150,00).
- Daar word van elke leerling verwag om by die skoolure te hou.
- Skoolhekke word met die aanvang van die skooldag gesluit en weer aan die einde van die skooldag oopgesluit. Geen leerder mag die skoolterrein sonder die nodige toestemming verlaat nie.
- Selfbeheersing sal plaasvind wanneer die leerders se gedrag ander sal benadeel of die leerder self of wanneer dit die regte van ander leerders ontnem.

DEURSOEKING, BESLAGLEGGING EN DWELMTOETSE BY DIE SKOOL:

- Skole mag van tyd tot tyd deursoekings, beslagleggings en dwelmtoetse op hul leerders uitvoer, aangesien die Suid-Afrikaanse Skolewet leerders verbied om in besit van gevaarlike wapens en onwettige middels op skoolterreine en tydens skoolaktiwiteite te wees. Dit is omdat hulle in meng met elke leerder se grondwetlike reg op 'n veilige leeromgewing wat vry is van ontwrigtings.
- Die soektog of dwelmtoetsing moet op 'n manier gedoen word wat redelik en eweredig is aan die onwettige aktiwiteit.
- 'n Lyfsondersoek of dwelmtoets moet uitgevoer word deur 'n persoon wat van dieselfde geslag as die leerder is.

- Die liggaamsondersoek of dwelmtoets moet in 'n privaat plek gedoen word en nie voor ander leerders nie.
- Daar moet 'n volwasse getuie van dieselfde geslag wees wanneer die deursoeking of dwelmtoets uitgevoer word.
- Die dwelmtoets moet as 'n urine- of nie-indringende toets toegedien word.

4. SKOOLREËLS

‘n LEERDER VAN WINSLEY PRIMÊRE IS:

- Pligsgetrou in sy skoolwerk/sport/kultuuraktiwiteite.
- Netjies op sy persoon en alles wat hy/sy doen.
- Vriendelik teenoor sy medemens.
- Hulpvaardig in gesindheid.
- Onberispelik in gedrag.
- Gehoorsaam aan skoolreëls.
- Aanvaar alle regte met gepaardgaande verantwoordelikhede.
- Veroordeel enige vorm van rassisme en diskriminasie van watter aard ookal

PRAKTIESE SKOOLREËLS:

- Die skool begin vir alle leerders om 08:00 en sluit vir GR.R (12:40), GR.1- 2 (13:45), GR .3 (14:15) en GR. 4 – 7 (14:35).
- Op die laaste dag van skoolkwartaal verdaag alle leerders om 11H00.
- Vir leerders se veiligheid moet die oorgange by die voetoorgang gebruik word.
- Geen fietse, rolskaats of skaatsplanke mag op die skoolterrein gebruik word nie.
- Leerders wat in skooltyd die skool verlaat, moet deur die ouers uitgeteken word of deur 'n verantwoordelike persoon aangewys deur die ouer/voog van die leerder.
- Leerders mag onder geen omstandighede in ander leerders se tasse krap nie.
- Geen bakleiery word by die skool toegelaat nie.
- Geen wapens of enige skerp voorwerpe mag in die besit van leerders wees nie.
- Geen gevaarlike speletjies mag by die skool gespeel word nie – klipgooi!
- Geen onweloweglike taal, tekens of gedrag mag by die skool geopenbaar word nie.
- Geen seksuele teistering sal geduld word nie.
- Pornografiese materiaal van watter aard ook al is verbode by die skool.
- Rook, sigarette, dwelms of enige elektroniese sigarette (vapes) is verbode by die skool.
- Leerders moet enige ongeruimdheid by die skool by 'n opvoeder aanmeld.
- Die eet van kougom ten alle tye en die eet van enige voedsel in klastyd is verbode – drink van koeldrank ook.
- Siek leerders moet by ontvangs aanmeld met verwysing van 'n onderwyser.
- Leerders moet die gesag van die opvoeders, prefekte eerbiedig.
- Seuns en dogters, juniors en seniors, speel apart van mekaar.
- Leerders wat na 8:00 by die skool aankom, moet by die hoofingang inkom en rapporteer by die kantoor. Ouers van leerders wat laat opdaag vir skool, moet die onderwyser skriftelik verskoning aanbied. Indien dit gereeld gebeur, sal die ouers gekontak word.
- Siek leerders moet by ontvangs aanmeld met verwysing van 'n onderwyser, voor hulle na die siekekamer gaan.

KLASKAMERPRAKTYK:

- Leerders mag nie verhinder word om te leer en te werk nie.
- Opdragte en tuiswerk moet getrou en stiptelik gedoen word.
- Leerders mag nie sonder toestemming die klas verlaat nie.
- Leerders moet betyds voorberei vir toetse en eksamens.
- Handboeke, skrifte, lêers moet netjies oorgetrek wees.
- Geen oneerlikheid – afskryf van huiswerk of antwoorde in toetse word toegelaat.

- Afwesighede moet met die nodige dokumentasie gestaaf word.

TERREIN:

- Geen bome, struik of plante mag beskadig word nie.
- Geen ligte of skakelborde mag mee gepeuter word nie.
- Geen graffiti op deure, mure, vensters, vloere of meubels nie.
- Koeldrank, lekkergoed of kos wat gemors word moet dadelik skoongemaak word.
- Papiere en dergelike dinge wat weggegooi moet word, moet in die vullishouers gegooi word.
- Geen leerder mag na skoolure op die skoolterrein rondrentel nie.
- Leerders moet die gesag van die opvoeders, prefekte eerbiedig.
- Juniors en seniors, speel apart van mekaar.

BUITE-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE – KULTUUR EN SPORT:

- Aktiwiteite is oop vir alle leerders in die skool.
- Leerders neem deel in die regte ouderdomsgroep soos aangedui op sy/haar geboortesertifikaat.
- Die nodige vrywaringsvorme moet vir elke aktiwiteit met inskrywing/deelname ingevul word.
- Leerders wat aangedui het/gekies is vir een of ander aktiwiteit moet die oefeninge gereeld bywoon. Swak bywoning van oefeninge kan lei tot diskwalifikasie. Verskonings geskied skriftelik.
- Swak taalgebruik, opmerkings en vuilspel is ontoelaatbaar.
- Skeidsregters se beslissings moet aanvaar word en hulle moet met respek behandel word.
- Spelers moet geklee wees op die paslike wyse soos deur die afrigter bepaal.

KLASWISSELING:

- Wisseling geskied vinnig en ordelik in rye.
- Hou altyd links.
- Geen gehardlopery op stoep nie.
- Tasse word netjies op leerders se rûe gedra, en word nie gesleep nie.
- Leerders tree stil voor die klasse aan.

POUSE:

- Pouses word gebruik om toilet toe te gaan, hande te was, toebroodjies te eet en te ontspan.
- Geen leerders in die klaskamers, die stoepe of tussen die klaskamers nie.
- Leerders word nie naby die personeel se voertuie toegelaat nie.
- Leerders speel op die onderskeie terreine soos vir hulle aangedui.

BYEENKOMSPERIODE:

Leerders stap saam met personeellid, in rye na die vierkant. Prefekte en personeel help dat dit ordelik geskied. Geen leerder mag in die vierkant gesels nie. Die volgende is nie toelaatbaar nie:

- Vroetel terwyl daar gepraat word
- Speel met mekaar se hare
- Praat in plaas van sing
- Kosblikke, balle, kolwe, ens. moet in klas gelos word
- Die prefekte help om te kyk dat alles ordelik geskied.
- Geen selfone word toegelaat nie.

UITSTAPPIES – SPORT EN OPVOEDKUNDIG:

- Die nodige vrywaringsvorme moet deur ouers voltooi word, voor die aanvang van die uitstappie/toer.

- Busse moet skoon gelaat word na gebruik.
- Gedrag moet onberispelik wees – daar sal streng opgetree word teen leerlinge wat hul aan wangedrag skuldig maak.

AFWESIGHEDE:

- Leerders mag nie by die huis bly in skooltyd sonder 'n skriftelike wettige verskoning.
- Met afwesighede moet ouers aan leerders die nodige skriftelike verskoning verskaf/voorsien om aan die klasonderwyser te toon – doktersnota, begrafnisbrief, tandartsafspraaknota ens.
- Leerders mag nie die skool vroeër as die geskeduleerde skoolure verlaat nie. In sulke gevalle moet die ouers die leerder by ontvangs uitteken.

REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG:

- Daar word van die leerders verwag om met die korrekte voorgeskrewe skooldrag skool toe te kom. Skoolklere moet altyd netjies en skoon wees.

Seuns: • Wit kortmouhemp / langmouhemp • Grys kortbroek / langbroek • Grys skoolsokkies • Swart skoolskoene • Kaalvoet is ook toelaatbaar • Skooltrui (maroon) • Maroen reënbaadjie (gekleurde top of baadjie mag onder trui of reënbaadjie gedra word) • Maroon wolkêp (in winter)	Dogters: • Wit langmouhemp / kortmouhemp • Skooltrui (maroon) • Maroon reënbaadjie (gekleure top of baadjie mag onder trui of reënbaadjie gedra word) • Maroon skoolrok / romp • Grys kort/langbroek • Maroon wolkêp (in winter) • Wit kort sokkies • Swart skoolskoene • Kaalvoet is ook toelaatbaar
SPORT • Wit t-hemp & wit kortbroek • Skool sporthemp (t-hemp)	SWEETPAKKE Sweetpakke mag gedra word

AANHANGSEL A

Oortredings in Winsley Primêre word in drie kategorieë ingedeel. Die eerste kategorie is oortredings wat daaglik tydens skoolure voorkom en die derde kategorie is oortredings van 'n baie ernstige aard wat nie geredelik voorkom nie.

VLAK 1: OORTREDINGS	AANBEVOLE KORREKTIEWE AKSIES
• Akademies: Boeke/werk materiale tuis gelos; • Tuiswerk nie gedoen nie/afgeskryf nie • Wangedrag in klaskamer • Kleredrag: onnetheid/onversorgde voorkoms; skool se kleredrag voorskrifte nie gevolg nie (aanpassings word tydens winter gemaak) • Oneerlikheid • Daag laat by klas aan • Vloektaal gebruik	• Korrektiewe aksies/sanksies word deur die individuele onderwyser en HOD uitgevoer
VLAK 2: OORTREDINGS	AANBEVOLE KORREKTIEWE AKSIES
• Herhaalde oortreding van vlak 1 oortredings • stokkiesdraai • Skade aan eiendom • In besit van ander leerders se eiendom • Uitdaging/minagting van 'n gesagsfiguur • Ontwrigtend/Onsamewerkend in klas • Ontwrigtende gedrag wat onderrig en leer in die klas frustreer • Baklei • Verlaat klas sonder toestemming • Boeliegedrag (fisies/verbaal) • Graffiti: boeke, lessenaars, mure ens • Laat vir skool – drie (3) dae • Spuug op ander leerder of enige goed op ander spuug(papier, rubber ens)	• Korrektiewe aksies/sanksies word deur die Adjunk-Hoof en Hoof uitgevoer
VLAK 3: OORTREDINGS	AANBEVOLE KORREKTIEWE AKSIES
• Herhaalde oortreding van vlak 2 oortredings • Ernstige aanranding of besering van ander • Dwelms/onwettige middels – inname/onder die invloed by skool (sigarette/ vapes/ alkohol ens) • Gevaarlike wapen of voorwerp bv. Mes/ vuurwapen in besit by die skool • Diefstal/oneerlike gedrag tot die skade van 'n ander persoon	• Korrektiewe aksies/sanksies word deur die Hoof en Dissiplinêre Komitee uitgevoer

• In besit van of die verspreiding van pornografiese materiaal • Haatspraak • Enige optrede wat ander in gevaar stel • Onsedelike gedrag (betasting) • Eksamen onreëlmatighede	
--	--

VERKLARING:

Ek _____ ouer/voog van _____

verklaar plegtig hiermee dat ek by hierdie gedragskode sal hou tot voordeel van my kind, sy mede-leerders en die breë skoolgemeenskap van Winsley Primêre Skool.

Geteken: _____ (Ouer)

Geteken: _____ (Leerder)

Datum: _____

(Sien aangeheg aanhangsel A vir die verskillende oortredingsvlakke en korrektiewe aksies en B vir die dissiplinêre ingryping)

AANHANGSEL B

DISSIPLINÊRE INGRYPING

Die volgende lys ingrypings en korrektiewe maatreëls deur die skool benut mik daartoe om gedrag te korrigeer voor skorsing en uitsetting:

- Verbale waarskuwing/teregwysing om afkeuring uit te druk
- Geskrewe waarskuwing
- Finale geskrewe waarskuwing;
- Verwydering uit klasse tot 'n uitsluitingsvertrek
- Geskrewe straf
- Huiswerk detensie
- Skoolwerk onder toesig
- Detensie;
- Verwysing vir berading;
- Bywoning van 'n relevante lewensvaardighede-program;
- Tydelike skorsing van skool-verwante voorregte;
- Tydelike skorsing van klas/skool, terwyl verhoor-afwagtend;
- Dissiplinêre verhoor
- Regsverhoor

Mislukking om te voldoen aan ingrypings en korrektiewe maatreëls sal lei tot verdere ingrypings en mag lei daartoe dat die oortreding na 'n hoër vlak gekategoriseer word. Uitsetting mag aanbeveel word vir 'n Vlak 3 oortreding. Gedrag wat mag lei tot skorsing/uitsetting sluit in, maar is nie beperk tot, die volgende:

- Gedrag wat die regte of veiligheid van ander skend;
- Kriminele gedrag van enige aard;
- Ontsiering of vernietiging van skool eiendom;
- Disrespekvolle of aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gemik op onderwysers, skool werknemers of mede leerders;
- Blatante uitdaging van wettige versoeke of instruksies gegee deur persone in gesagsposisies;
- Skadelike graffiti, rassisme of haatspraak
- Seksuele teistering of seksuele aanranding;
- Besit van, gebruik of vertoon van bewys van gebruik van ongemagtigde dwelms, alkohol of enige ander dwelmmiddel;
- Herhaalde skendings van die skoolreëls of Gedragskode;
- Besit van gevaarlike wapens (vuurwapens, messe en ander voorwerpe wat die lewens van leerders/onderwysers in die gevaar stel).

Sou 'n leerder skuldig bevind word deur 'n regshof vir die verbreking van die wet van die Republiek van Suid-Afrika, het die skool die reg, om na 'n regverdige verhoor deur die Beheerliggaam, uitsetting aan te beveel tot die Provinsiale Onderwysdepartement.

'n Regsverhoor sal gehou word met die doel om uitsetting aan te beveel. In sulke gevalle word die aanbeveling vir uitsetting ingedien tot die Provinsiale Hoof van Onderwys om die geval goed te keur.

Waar goedkeuring van uitsetting nie gegee word nie, moet leerders berading of relevante lewensvaardighede-programme bywoon voordat hulle mag terugkeer na klasse.

VERHOOR

- Ons dissiplinêre prosedures het ten doel om regverdig, regstellend, konsekwent en opvoedkundig te wees in 'n poging om die belange van die leerder en enige party betrokke by die dissiplinêre verrigtinge te beskerm.
- Die leerder moet by dissiplinêre verrigtinge vergesel word deur sy/haar ouer/voog of 'n persoon wat deur die ouer aangewys is.
- Bepaal of die leerder en sy/haar ouers die skriftelike aanklag ontvang het, lees dit en verstaan dit. Geleentheid moet ook gegee word vir vrae en die opklaar van enigiets wat onduidelik is voor die amptelike verhoor begin.
- Die ouers en die leerder moet toegang gebied word tot die inligting in die skool se besit, wat gebruik kan word ter verdediging van die leerder. Afskrifte van die verklarings moet aan hulle gegee word.
- Tydens die dissiplinêre verrigtinge sal die leerder(s) sowel as die skool die geleentheid gebied word om hul kant van die storie voor te stel en om getuienis en getuieverklarings voor te lê.
- Sou 'n getuie wat jonger as 18 is tydens die dissiplinêre verrigtinge moet getuig, kan die SBL 'n bevoegde persoon aanstel om as tussenganger op te tree wat dan die aflê van getuienis sal fasiliteer. Dit word gedoen wanneer die SBL glo dat die getuienis in die verrigtinge die getuie aan onnodige geestelike stres of lyding sal blootstel.
- Indien 'n tussenganger aangestel word, sal alle ondervraging, kruisondervraging en herondervraging deur die tussenganger afgeneem word.
- Die voorsitter van die **dissiplinêre komitee** sal die verrigtinge lei, insluitend die ondersoek, kruisondervraging en herondervraging.
- Die erns van die aanklag en die moontlike straf wat opgelê kan word, moet aan die leerder en sy/haar ouers verduidelik word. Hulle moet ook verstaan dat alle bewyse deur kruisondervraging getoets kan word. Die ouers en die leerder moet die geleentheid gebied word om vrae te vra/versoeke te rig.
- Die beweerde oortreder moet die geleentheid gegun word om die ondersteuning van sy/haar ouers te versoek wanneer dit van hom/haar verwag word om 'n verklaring af te lê wat inkriminerend kan wees.
- Die persoon wat die ondersoek na die klag van ernstige wangedrag behartig het tree as aanklaer op en lees die aanklag hardop vir rekorddoeleindes. Die voorsitter gee die leerder dan die geleentheid om “skuldig” of “onskuldig” te pleit.
- Sou die leerder “skuldig” pleit, moet die voorsitter steeds vrae vra om inligting ter ondersteuning van die appèl te bekom.

- Sou die leerder “onskuldig” pleit, moet die volgende prosedure gevolg word:
- Die aanklaer lewer die getuienis uit verklarings wat deur die getuies afgelê is en gee hulle die geleentheid om dit te bevestig.
- Waar die beskuldigde leerder getuienis lewer, het die aanklaer die reg om die leerder, of enige ander getuie vir die verdediging te kruisondervra.
- Die voorsitter en enige ander lid van die dissiplinêre komitee het, in belang van geregtigheid, die reg om enige getuie te ondervra ten einde meer duidelikheid oor die getuienis te kry gegee.
- In geval van skuldigbevinding, kan die strawwe soos vroeër by VLAK 2 OPTREDE genoem opgelê word.

Dispuutbeslegting

- In die geval dat ouers ontevrede is met die uitslag/besluit van die dissiplinêre verhoor, kan hulle appelleer deur 'n brief aan die dissiplinêre komitee te skryf.
- Dit sal deur die dissiplinêre komitee hersien word, en op grond van die hersiening sal 'n besluit geneem word en die ouers sal in kennis gestel word.
- 'n Geskrewe brief sal aan die ouers uitgeryk word met die dissiplinêre komitee se besluit waar al die komitee lede teken om aan te dui dat almal die besluit goedkeur.
- As die ouer nog nie tevrede is met die besluit na die appél, is hulle geregtig om dan die dispuut hoër te neem.

Ondersteuningsmaatreëls

- Opvoeder as volwasse mentor:
 - Nie noodwendig klasonderwyser nie, maar opvoeder gekies deur leerder.
 - Gereelde bespreking (weekliks) oor leerder se vordering gebaseer op klasverslag.
 - Aktiewe betrokkenheid by leerder.
- Die skoolsielkundige sal genader word om berading aan die leerder(s) te bied.

Voorkomende maatreëls

- dissiplinêre gesprek met die leerder deur die opvoeder/skoolhoof.
- opvoeder en ouer(s) werk saam om regstellende maatreëls vas te stel.
- gemeenskapsdiens - optel van papiere, skoonmaak van die buitekant van die skool om die fisiese omgewing binne en om die skoolleiedom te verbeter.
- nader die skoolsielkundige om met die leerder te praat, en berading aan te bied.

GEDRAGSKODE: POSITIEWE GEDRAG /OPTREDE

POSITIEWE GEDRAG /OPTREDE		
P1	Respek / Respect	
P2	Verantwoordelikheid / Responsibility	
P3	Omgee / Caring	
P4	Eerlikheid / Honesty	
P5	Afgerondheid / Well-Rounded	

RESPEK:

Selfrespek/ Respek teenoor minderes/ gelykes en meerderes /Hoflikheid

VERANTWOORDELIKHEID:

Netjies versorg/ Goed georganiseerd Skoolwerk en -boeke by skool / Huiswerk gedoen/ Lewer uitstaande werk (volgens vermoë en vermoëns)/ Betyds / Bring aanvullende material.

OMGEE:

Vriendelikheid /Boeke, lêers, tas goed versorg /Bedagsaam /Hulpvaardig/Mensliewend

EERLIKHEID:

Teenoor self / Teenoor ander

AFGERONDHEID:

Sigbare hoflikheid /Korrekte optrede in alle omstandighede

MOONTLIKE VORME VAN BELONING

1. Sertifikaat in klaskamer deur opvoeder.
2. Sertifikaat in sal deur Fasehoof oorhandig word
3. Sertifikaat deur Skoolhoof.
4. Tasbare erkenning: snoepie-beloning of soortgelyk
5. 'Civvies' i.p.v. skoolklere
6. Spesiale bakkie.

Positiewe aantekeninge word gemaak na 10 punte verwerf is, sal die leerder beloon word. Beloning sal plaasvind soos aangedui hierbo. Die Beheerliggaam en personeel van die skool verwag van elke ouer om hul hand in hierdie uiters belangrike positiewe aspek van 'n leerder se opvoeding te sterk.

Ouers word verseker dat die skool en personeel, in hul optrede, altyd die belange van alle leerders op gelyke grondslag op die hart dra. Winsley Primêre Skool sou in sy algemene doel van opvoeding slaag indien elke leerder ná voltooiing van sy skoolloopbaan, 'n waardevolle ambassadeur vir sy skool en gemeenskap sal wees en ook 'n positiewe bydrae tot die samelewing sal maak.

The SGB review and adapt the Code of Conduct of Winsley Primary.

Name and surname	Role	Signature	Date
E.Mills	Principal		
R. Matthee	Treasurer/ Deputy Princ		
C. Witbooi	Secretary- SGB		
J. Booysen	SGB Chairperson		
A. Fuller	SGB Fin officer		
L. Meiring	Vice treasurer		
N. Gordon	Vise chairperson		
C. Geduld	Parent		
E. Jarvis	Parent		

The SGB update the code of conduct of Winsley Primary

Name and surname	Role	Signature	Date
E.Mills	Principal		
R. Matthee	Treasurer/ Deputy Princ		
C. Witbooi	Secretary- SGB		
J. Booysen	SGB Chairperson		
A. Fuller	SGB Fin officer		
L. Meiring	Vice treasurer		
N. Gordon	Vise chairperson		
C. Geduld	Parent		
E. Jarvis	Parent		



This policy shall be called the **Code of conduct of Winsley Primary School.**

Recommended by: (Principal)	E. Mills	Signature:		Date
Approved by: (SGB Chairperson)	J. Booysen	Signature:		Date:
Approved by SGB	Mathhee, R- Treasurer Meiring, L- Dep treasurer Fuller, A - Financial officer Gordon, N Geduld, C Jarvis, E Witbooi, C	Signatures:	_____ _____ _____ _____ _____ _____	Date:
Verification by GDE: (District Director) (Print Name)		Signature:		Date: